

VERSLAG VAN DIE ORGANISERENDE SENDINGSEKRETARIS
EN ARBEIDER ONDER DIE JODE AAN DIE HOOGEEERW.
SINODE WAT SITTING HET OP BLOEMFONTEIN OP 23
APRIL 1952 EN VOLGENDE DAE.

HoogEerw. Heer en Broeders,

Dit is vir my 'n eer om hiermee verslag te doen van my werk gedurende 1950 en 1951.

1. Van Desember 1949 tot April 1950 het die organisasiewerk van die Kerklike Kongres oor die Naturellevraagstuk wat te Bloemfontein gehou is van 4 tot 6 April 1950 al my tyd in beslag geneem.

2. In April het ek die Ringe van Fauresmith, Boshof, Ficksburg en Bloemfontein besoek.

3. Die kerkrade van Philippolis, Smithfield, Bothaville, Senekal, Zastron, Reddersburg, Lindley, Frankfort, Boshof en Kerkenberg het my toegestaan om 'n aantal persone in elkeen van die gemeentes te nader met die oog op bydraes vir die Sending Strydfonds. £4,950 is ingesamel.

4. Die gemeentes Kroonstad, Koffiefontein, Theunissen, Rietfontein, Hennenman, Clocolan, Bethlehem-Wes, Edenburg, Fauresmith, Trompsburg, Harrismith, Verkeerdevlei en Vredefort het elkeen 'n kollekte afgestaan waardeur die som van £372 ingesamel is.

5. Mevr. von Abo van Bothaville het onderneem om 'n predikant-sending in die Buiteland te onderhou teen £400 per jaar. Sy het reeds in Augustus 1951 haar tweede bedrag van £400 gestort. Ook het sy haar voorneme uitgespreek om die onderneming lewenslank uit te voer en om deur 'n bemaking die werk na haar dood te laat voortgaan.

6. 'n Dame van Rietfontein gemeente het £100 kontant belowe en besluit om die restant van haar boedel, wat sy nie minder as £2,000 skat nie, aan die Strydfonds te bemaak. Ook 'n vriend van Koffiefontein het belowe om 'n bedrag aan die Sending te bemaak.

7. Ek het die Sinodale Algemene Sendingkommissie verteenwoordig by die begrafnis van wyle dr. Krüger op Thaba'Nchu in April 1951, by die Sirkelkonferensie van die O.V.S.B. op Ficksburg in November 1951 en by die bevestiging van eerw. Vogel op Thaba'Nchu op 26 Januarie 1952.

8. In April 1951 het ek die Ringe van Bethlehem en Harrismith besoek. Albei die Ringe het 'n beroep op die kerkrade onder hulle resort gedoen om die Organiserende Sendingsekretaris uit te nooi en hom 'n geleentheid te gee om 'n insameling te doen vir die Strydfonds.

9. Ek het kontak gemaak met 'n groot aantal kerkrade, terwyl daar ook 'n sirkulêrebrief van die Sinodale Algemene Sendingkommissie na al die kerkrade uitgegaan het, maar die meeste kerkrade is besig met een of ander onderneming en sien nie hulle weg oop om onmiddellik verlof te gee vir 'n insameling nie.

10. 'n Hele aantal kerkrade, o.a. in Rhodesië, het my in antwoord op my skrywe uitgenooi om hulle te kom besoek. Ek vertrou dat tenminste 'n aantal van hulle my verlof sal verleen om 'n insameling te doen.

11. My werk word baie gestrem deurdat ek nie toegang tot die gemeentes kan verkry nie.

12. Ek het by die laaste skoffie van my bediening gekom en my vurige begeerte is om die Strydfonds tot tenminste die £50,000 merk te bring.

13. Ek wil dus die HoogEerw. Vergadering vriendelik dog baie dringend versoek om my verlof te gee om enige gemeente van die Vrystaatse Kerk te besoek. Ek sal net die Rentmeesters van die Here vra vir 'n kontante bydrae of 'n bemaking vir die Strydfonds. Die leraar en kerkraad van elke gemeente sal erken word en bydraes ontvang sal by die kassier van die betrokke kerkraad inbetaal word.

14. Die Sendingwerk is tog by uitnemendheid die saak van die Koning van die Kerk. Dis ook by uitnemendheid dié groot taak wat aan die Kerk opgedra is. Immers, met Sy afskeid van hierdie wêreld het die Heiland as met deurboorde hand aan Sy Kerk die lasbrief oorhandig: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom." (Mark. 16 : 15).

15. Wat die werk onder die Jode betref lyk die arbeid nie te vrugbaar nie.

(i) Die Jodendom is 'n geslote eenheid en 'n mens vind nie maklik toegang tot hulle hart nie. Dit gaan baie moeilik en lank om 'n klein aantal Joodse huisgesinne in 'n dorp te besoek.

(ii) Onder talle huisgesinne wat besoek is, het ek 'n paar gevalle gekry waar Jode werklik begerig is na meer lig en aangetrokke voel na die Christelike godsdienst.

(iii) Sodra die Jood wat besoek is egter met ander Jode in aanraking kom, ontduik hy jou by 'n volgende besoek en is dit haas onmoontlik om weer met hom in aanraking te kom. Die vrees vir uitbanning uit die Joodse gemeenskap en dat hul onterf sal word, oormeester hulle eenvoudig.

(iv) Meer as een Jood het aan my gevra of ons kerk dan van hulle verraaiers wil maak en hulle ontrou wil maak aan hulle eie godsdienst, wat tog baie ouer is as ons s'n. Ander weer neem dit kwalik dat ons kerk hom met hulle bemoei, want so weer hulle: "Ons is tog 'n godsdienstige volk en nie heidene nie."

(v) In my omgang met die Jode blyk dit duidelik dat die Jood in sy hart nie reg voel teenoor die Afrikaner nie, omdat hy die mening toegedaan is dat die boerevolk teenoor hom diskrimineer.

(vi) Die indruk wat ek kry is dat 'n groot getal Jode hulle min aan godsdienst steur. Oor die algemeen is hulle Bybelkennis - selfs van die Ou Testament - baie gebrekkig. In die meeste gevalle is hulle onwillig om te argumenteer en verwys jou herhaaldelik na hulle Rabbi.

(vii) Waar ons by baie lidmate van ons kerk te doen kry met 'n sieldodende vooroordeel teenoor Sendingwerk, kry ons by die Jode oor die algemeen daardie magtige, Godonterende en skynbaar ondeurdringbare vooroordeel teen Christus en Sy kerk.

(viii) In hierdie deel van die werk is daar vir u arbeider min aanmoediging en weinig besieling.

(ix) Om dus die hart van die Jodendom vir Christus en Sy kerk te verower is nodig, naas die genadewerk van God in die eerste plek, die daadwerklike belangstelling van die kerk en die vurige, eendragtige voorbidding van Gods kinders.

(x) Mag God in Sy genade die geestelike nood van die Jode onder ons op die hart van elke lid van hierdie Hoogeerw. Vergadering lê.

Met toebidding van die keur van Gods seënninge op hierdie Hoogeerw. Vergadering en sy belangrike werksaamhede.

U diensw. dienaar in Xtus,

J.H. Badenhorst.

ORG. SENDINGSEKRETARIS.